BEUKES
TOERE / TOURS

Kansellasiebeleid

Beukes Toere verbind hulself daartoe om elke kansellasie met integriteit en objektiwiteit te hanteer. Ons verstaan dat onvoorsiene dinge, selfs kort voor 'n toer kan gebeur. Baie werk en tyd word spandeer aan die beplanning en bespreking van 'n toer.

Selfs om kansellasies te doen, neem ook heelwat tyd in beslag. Verblyf moet gekanselleer word, nuwe gastelyste word gestuur en depositos moet teruggekry word.

Daarom word 'n administrasiefooi van minimum **R500 per persoon** gevra vir enige kansellasie wat gedoen word.

In die geval van siekte of besering, moet 'n doktersertifikaat verskaf word en sal dan net die administrasiefooi van R500 gehef word.

Indien ek die toer moet kanselleer, sal die volle depositobedrag terug betaal word, m.a.w. geen R500 administrasiefooi sal gehef word nie.

Kansellasiefooie:

33 dae voor begin datum van 'n toer = 0% (slegs R500 administrasiefooi)

15 – 32 dae voor die begin datum van 'n toer = 50%

0 – 14 dae voor die begin datum van 'n toer = 100%

Beukes Toere behou die reg voor om depositos terug te betaal na afloop van 'n toer.